

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*  
***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 52: Va'yelech (ויילך) – En Moses Het Gegaan**

*Moshe het gegaan en hierdie woorde met die hele Yisra'el gedeel. Deut. 31:1<sup>1</sup>*

**Torah : Deut. 31:1 tot 30**

**Haftorah: Jes. 55:6 tot 56:8**

**Nuwe Verbond:** 2 Thess. 2:3, 10 tot 12; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 4:3 en 4; 2 Peter 2:1 tot 3; Hand. 7:51 tot 60; Rom. 8:31 en 37; Efes 6:10; Fil. 4:13; 1 Pet. 5:10; Fil. 1:1 tot 2:30

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 52 wat afgelaai kan word by: [Parashah52Notas14](#) of by [Parashah52Notas15](#).

*It is no sin to doubt some things but it may be fatal to believe everything – A.W. Tozer.*

*In every generation the number of the righteous is small. Be sure you are among them – A. W. Tozer*

*They gave our Master a crown of thorns. Why do we hope for a crown of roses? – Martin Luther*

*Cheap grace is the grace we bestow on ourselves. Cheap grace is the preaching of forgiveness without requiring repentance – Dietrich Bonhoeffer.*

*In ordinary life we hardly realize that we receive a great deal more than we give, and that it is only with gratitude that life becomes rich – Dietrich Bonhoeffer.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch), maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

## Midrash (Torah Bespreking)

### Gaan....!!

*Va'yelech* se openingswoorde is gekoppel aan die voorafgaande gebeure, en veral aan die laaste verse van verlede week se Torah-skriflesing, wat soos volg in Deut. 30:19 en 20 opgeskryf is:

*19 Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,*

*20 deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.”*

Daarna het Moses na die volk gegaan en hulle toegespreek, terwyl YHWH se woorde van kies lewe as te ware nog in sy ore weerklink! Moses se voortdurende boodskap aan die volk was om lewe te kies! Hierdie is ook 'n herinnering aan die laaste woorde van Yeshua aan sy studentevolginge:

*Gaan na die hele wêreld en verkondig My goeie boodskap in die ganse skepping. Wie ook al vertrou en gedoop word, sal lewe, maar hy wat nie vertrou nie, is veroordeel. Mark. 16:15 en 16.*

Ons Meester Yeshua het ook aan ons die opdrag gegee om te gaan en aan elkeen die boodskap van Lewe in Yeshua te verkondig. Steeds vandag roep YHWH die hemel en die aarde as getuies teen elke mens en gee deur die onverdiende guns in Yeshua aan elkeen die keuse tussen lewe en dood, die seën en die vloek! Ons is die draers van hierdie boodskap van kies die ewige lewe deur vertrou in Yeshua en gehoorsaamheid aan YHWH se Torah soos dit in Yeshua volbring is!

So is Moses se woorde aan sy opvolger, Josua, ook op ons van toepassing:

*יהוה is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie. Deut. 31:8.*

Want Yeshua se soortgelyke laaste woorde aan elkeen wat Hom sou “opvolg” – wat in Sy voetspore sou volg, was:

*“Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolginge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Matt. 28:18 tot 20.*

Soos Josua die opvolger van Moses was en sy werk voortgesit het, so moet ons die opvolgers (navolgers) van Yeshua wees en voortgaan om die koninkryk van die hemel in besit te neem! Onthou Yeshua se woorde!

*Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dade wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dade doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan. Joh. 14:12*

## Bepeins of Bespreek

1. Die Beloofde Land is ‘n sinnebeeld van fisiese en geestelike seëninge, maar is ook ‘n sinnebeeld van die waarheid. Ons voorouers het gesterf in die wildernis van leuens van kersfees, ‘Easter’, vry van die wet, en verskeie ander Christenleerstellings. Ons moet egter die Josua-generasie wees wat die Beloofde Land van Waarheid in besit moet neem! Maar ons moet waak om nie dieselfde foute as ons voorouers te maak nie en mislei te word deur die leerstellings van Rabbyne Judaïsme! Ons moet terugkeer na die waarheid soos deur die gemeente van Handelingte verkondig en geleef is! Wat is hierdie waarhede? Is dit die nou poort en die smal weg waarvan Yeshua gepraat het (Matt. 7:13 tot 23)?
2. Die Christendom neem die evangelisasie opdrag van Yeshua in Matt. 28:18 tot 20 en Mark. 16:15 tot 18 nog grootliks ter harte, selfs ten opsigte van Torahgetroue ortodokse Jode. Maar die Messiaanse Beweging wend geen daadwerklike poging aan om die Evangelie van redding deur Yeshua aan Torahgetroue Jode te verkondig nie. Die rede is die meerderheid siening dat sulke Jode wel gered is al verwerp hulle Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias. Stem hierdie siening ooreen met wat in die Skrifte van die nuwe verbond opgeskryf is?

### Is Rabbyne Judaïsme Steeds YHVH Se Aangestelde Gesag?

Die debat oor YHVH se kalender duur voort en veral hierdie jaar is daar nog meer verwarring as vorige jare oor watter kalender is die een wat YHVH aan Moses gegee het om te volg. Hierdie jaar is daar minstens vyf verskillende kalenders wat deur die verskillende groepe as YHVH se kalender beskou word.

Die meerderheid in die Messiaanse Beweging volg egter die kalender van Rabbyne Judaïsme soos deur Rabbi Hillel II in die vierde eeu vasgestel was en waar die begin van ‘n nuwe maand vooruit bereken word en die verskyning van die eerste sekelmaan in Israel nie meer in berekening gebring word nie. Die rede vir hierdie kalender was om verwarring tussen die Jode wat oor die wêreld versprei is uit te skakel en eenvormigheid te verseker wanneer die Vasgestelde Tye van YHVH gedenk moet word.

My bedoeling is nie hiermee om in die debat oor die verskillende kalenders betrokke te raak nie, maar om die siening van die meerderheid in die Messiaanse Beweging, naamlik dat Rabbyne Judaïsme deur YHVH aangestel is om die gesag oor die kalender te hê, te bespreek.

In die artikel van D. Thomas Lancaster: “Is The Jewish Calendar Wrong,”<sup>2</sup> en wat onlangs aan ‘n groot groep in die Messiaanse Beweging gestuur is skryf hy ondermeer die volgende:

Until a Sanhedrin wielding civil and religious authority over all Israel convenes and alters the arrangement, the calendar of Rabbi Hillel II remains the official standard for determining new moons, biblical months, and the biblical festivals. No rabbi, leader, or group of leaders has the authority to alter what has been set in place by the leadership of Israel. Any persons who attempt to do so can be dismissed because they assume authority that does not belong to them.

<sup>2</sup> Hierdie artikel kan afgelaai word by <http://ffoz.org/discover/messianic-jewish-calendar/is-the-jewish-calendar-wrong.html>

Die skrywer grond sy oortuiging ondermeer op Deut. 17:8 tot 13 waar Moses sê dat indien die hoofde in die stede (poorte) 'n saak (soos moord) te swaar vind om te oordeel, dan moet die saak na die Leviete, die priesters en die regter wat daar in dié dae sal wees geneem word vir 'n beslissing. Volgens die skrywer is dit steeds vandag van toepassing en daarom is dit die Joodse gesaghebbers wat die beslissing oor die kalender moet maak en aan wie ons almal ons moet onderwerp! En volgens Lancaster: ***No rabbi, leader, or group of leaders has the authority to alter what has been set in place by the leadership of Israel! Any persons who attempt to do so can be dismissed because they assume authority that does not belong to them.***

Maar my vraag is of die geestelike leiers van die fisiese Israel steeds die aangestelde gesag is oor die gelowiges van die nuwe verbond? Moet ons ons onderwerp aan Rabbynse Judaïsme – die geestelike leierskap van die fisiese Israel wat Yeshua as Messias verwerp? Is dit wat die Skrifte van die nuwe verbond ons leer? Is dit die wil van die Vader?

My antwoord hierop is 'n besliste 'nee' op grond van die volgende:

YHVH is die Oppergesaghebbende oor alles en almal en Hy het Sy outoriteit aan Yeshua gegee. Soos Yeshua self in Matt. 28:18 gesê het: *Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee.* Yeshua het dus die outoriteit oor Rabbynse Judaïsme, maar hulle het Hom verwerp! Daarom is die Koninkryk weggevat van die leierpriesters en die Fariseërs (hedendaagse Rabbynse Judaïsme) en daarmee ook hulle outoriteit.

*42 Yeshua sê vir hulle: “Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: ‘Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword. Hy het van die Teenwoordigheid van יהוה gekom en is wonderbaar in ons oë?’*

*43 Deur dit sê Ek vir julle: **‘Die Koninkryk van God sal van julle weggevat word en aan ’n volk gegee word wat vrugte sal dra***

*44 en wie ook al op hierdie Steen val, sal stukkend breek en elkeen op wie Hy val, dié sal tot poeier gemaal word’.*”

*45 Toe die leierpriesters en die Fariseërs sy vergelykende stories hoor, het hulle geweet dat Hy teen hulle gepraat het*

*46 en hulle het probeer om Hom te vang, maar hulle was bang vir die skare omdat dié Hom as ’n profeet beskou het.*

Matt. 21:42 tot 46

Volgens Yeshua se woorde in vers 43 is dit baie duidelik dat Rabbynse Judaïsme nie die Koninkryk van YHVH verteenwoordig nie en dat hulle geen outoriteit oor die gelowiges in Yeshua het nie!

En dan leer die Skrifte van die nuwe verbond ons ook dat Yeshua Sy outoriteit aan Sy dissipels gegee het en aan elkeen wat Yeshua as Messias volg.

*Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar.” (Matt. 28:18 tot 20).*

Om Rabbynse Judaïsme as die aangestelde outoriteit van YHVH te beskou, is om jouself aan hulle wat Yeshua verwerp het, te onderwerp. Dan kan jy nie net jouself ten opsigte van die kalender aan hulle gesag onderwerp nie! Nee, dan moet jy jou ook onderwerp aan al hul leerstellings en besluite (beslissings) oor die toepassing van die Torah van Moses soos in die Talmud verklaar word! Dan sal jy ook jouself aan die gesag van Rabbynse Judaïsme moet onderwerp wanneer die derde tempel herbou word en die offerandes weer ingestel word en aan alles wat daarmee gepaardgaan soos in die Torah van Moses opgeskryf is! Is dit wat YHVH-God van jou en my verwag?

Elkeen moet kies: Jy onderwerp jou ten volle aan die outoriteit van Yeshua of ten volle aan die outoriteit van Rabbynse Judaïsme, want niemand kan twee meesters dien nie (Matt. 6:24) en elke huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie (Matt. 12:25)!! Hierdie is dus ook 'n keuse tussen lewe en dood, tussen die seën en die vloek. Dit is 'n keuse tussen die Levitiese priesterorde van die Torah van Moses of die Melgisédék priesterorde van die Torah van Yeshua!

Ek staan verstom dat diegene wat uit die misleidings van die Christendom gekom het, en besef het dat die Christenleiers van die verlede en hede nie blindelings gevolg kan word nie, nou bereid is om Rabbynse Judaïsme te volg asof daar geen misleiding in hulle leerstellings is nie. En daar is, net soos in die Christendom, misleidings van afgodery in Judaïsme soos byvoorbeeld Rosh HaShanah<sup>3</sup>, Ster van Dawid, die maand Tammuz en vele ander! Maar dit word 'aanvaar' terwille van sogenaamde eenheid met die huis van Juda! Waarom vier ons dan nie kersfees terwille van eenheid met die Christendom nie?

*want יהוה is ons Regter, יהוה is ons Wetgewer, יהוה is ons Koning; Hy sal ons red. Jes. 33:2*

YHVH red ons deur Yeshua Messias aan wie Hy alle outoriteit gegee het. Rabbynse Judaïsme verwerp Yeshua as Redder en as YHVH se aangestelde outoriteit! Daarom moet ons as volgelinge van Yeshua die gesag van Rabbynse Judaïsme verwerp!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Lees 2 Tim. 2:15. Beteken dit ook dat ons die woord van die waarheid aangaande YHVH se kalender reg moet sny? Dikwels kan ons die woord van die waarheid net reg sny deur die geskiedenis as hulpmiddel te gebruik om saam met YHVH se woord die waarheid te ontdek. YHVH se kalender is so 'n voorbeeld. Die Skrifte alleen is nie voldoende om die waarheid te ontdek nie, want selfs die maankalender van Judaïsme kan nie deur die Skrifte bevestig word nie (waar in die Skrifte vind ons byvoorbeeld die bewys van 'n dertiende maand wat sekere jare bygevoeg moet word om die maankalender weer in lyn met die sonkalender te bring?). Daarom is dit ook noodsaaklik om die geskiedenis na te vors om die waarheid oor YHVH se kalender te ontdek.
2. Wanneer die kalender van Rabbynse Judaïsme bevraagteken word, word 'n oproep gedoen om terwille van eenheid met die huis van Juda dit te laat vaar. Is eenheid met Judaïsme belangriker as die waarheid? Verwar ons nie eenheid met eenvormigheid nie? Nehemia Gordon skryf die volgende aangaande Unity versus Uniformity:

*Many people call for "unity" but what they really mean is "uniformity". They claim unity is important to them, but reject everyone who doesn't agree with their understanding of*

<sup>3</sup> Die afgode oorsprong van Rosh HaShanah word in Parashah 50.3 bespreek wat afgelaai kan word by: [Parashah50notas16](#)

*Scripture. Unity can be achieved even when there is a lack of uniformity. This requires a certain degree of spiritual maturity and humility. It is only human that we get frustrated when others do not see things our way. But we must be humble before the Almighty and ask Him to lead us on our walk with Him. If those who walk alongside us in faith approach Yehovah with the same humility, then it is not for us to judge them. We should be united, not divided, by our love of our heavenly Father and desire to live by His Word.*

Stem jy hiermee saam? Ons kan wel eenheid behou ten spyte van verskille, maar verskille kan so uiteenlopend word dat eenheid onmoontlik word! Waar moet die spreekwoordelike streep getrek word?

3. Ons doelwit as geregverdigdes in Yeshua Die Gesalfde Een moet wees om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap. Die vraag is dus of hulle hulself onderwerp het aan die outoriteit van die Sanhedrin (Joodse Raad)? Is daar Skrif in die nuwe verbond wat die antwoord vir ons gee? Om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap word bespreek in die volgende artikel wat afgelaai kan word by: [GB1.16Die VoetsporeGemeenteHandelingte](#)

### Die Afvalligheid Van Israel

יהוה *sê vir Moshe: “Let op, jy is op die punt om neer te lê by jou vaders en hierdie volk sal opstaan en die hoer speel met die vreemde gode van die land waartussen hulle ingaan en My verlaat en My verbond verbreek wat Ek met hulle gesluit het. Deut. 31:16.*

Die geskiedenis van Israel bevestig dat hierdie profetiese woorde van Moses waar geword het – tot so ‘n mate dat sommige van die takke van die mak olyfboom afgebreek moes word soos Paulus in Romeine hoofstuk 11, veral verse 17 tot 24 dit verduidelik. Hierdie takke is afgebreek vanweë hulle ongeloof, naamlik hulle verwerping van Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot vergifnis van sonde en as versoening met YHVH!

Wat was die gevolg hiervan?

*Dan sal My woede op dié dag teen hulle aan die brand gesteek word en Ek sal hulle verlaat en My gesig vir hulle wegsteek en hulle sal verteer word en baie booshede en moeilikhede sal oor hulle kom sodat hulle op dié dag sal sê: ‘Is dit nie omdat ons God nie tussen ons is dat hierdie booshede oor ons gekom het nie?’, maar Ek sal op dié dag My gesig sekerlik wegsteek weens al die boosheid wat hulle sal doen, want hulle sal na ander gode afdraai. Deut. 31:17 en 18.*

Daarom het Moses aan die Leviëte wat die verbondsark dra opdrag gegee en gesê:

*“Vat hierdie boek van die wet en sit dit langs die verbondsark van יהוה, julle God sodat dit daar kan bly as ‘n getuie teen jou, want ek ken jul rebellie en jul hardkoppigheid. Let op, terwyl ek nog by julle lewe vandag, was julle rebels teen יהוה, hoeveel te meer dan ná my dood! Deut. 31:26 en 27.*

Die Torah van Moses (die boek van die wet) was langs die verbondsark geplaas as getuienis van Israel se rebellie en hardkoppigheid. Die boek van die verbond (Ex. 24:7) was egter binne in die verbondsark as ‘getuienis’ en herinnering van die toekomstige herstel wat deur Yeshua bewerkstellig sou word. Tot die hede is die afgebreekte takke van Israel egter skuldig aan rebellie en hardkoppigheid omrede hulle nie Yeshua as Messias aanvaar het nie. Daarom dien die Torah van Moses steeds as getuienis teen hulle. Hulle is verblind vir die alles

oortreffende heerlijkheid van die Torah van Yeshua (die boek van die verbond) wat die Torah van Moses vervang het (2 Kor. 3:11 tot 18).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is verwerping van Yeshua gelykstaande om die hoer te speel met die vreemde gode (Deut. 31:16)? Dien Rabbynse Judaïsme steeds YHVH-God van hulle Vaders, Abraham, Isak en Jakob en dieselfde God wat hulle uit Egipte bevry het? Wie het Yeshua gesê is die God van die Fariseërs (hedendaagse Rabbynse Judaïsme) wat Hom verwerp het – Joh. 8:42 tot 44.
2. Iemand wat vandag dieselfde dinge aangaande Rabbynse Judaïsme sê as wat Yeshua van die Fariseërs gesê het (byvoorbeeld: Matt. 3:7; Matt. 12:34 – addergeslag; Luk. 11:39 – van binne is julle vol roof en boosheid; Luk. 11:44 – julle is soos grafte; Joh. 8:44 – julle het die duiwel as vader), sal as antisemities beskuldig word. Antisemities is Jode-haat. Is dit antisemities om teen die misleiding van Rabbynse Judaïsme te waarsku?

### **Soek YHVH Terwyl Hy Nog Te Vinde Is!**

In hierdie week se Haftorah (Jes. 55:6 tot 56:8) wat saam met die Torahskriflesing gelees word, word ons daaraan herinner om YHVH te soek terwyl Hy nog te vinde is en om terug te draai tot gehoorsaamheid aan YHVH:

*Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die wettelose sy pad verlaat en die onopregte en partydige sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorvloedig vryspreek. Jes. 55:6 en 7 – PWL.*

Ons leef in die einde van dae en daarom spreek hierdie woorde van die profeet Jesaja ook steeds vandag tot elke mens. Maar YHVH is slegs te vinde deur Sy Seun Yeshua. Daarom: Wie die Seun verwerp, verwerp YHVH!

*Wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.” Luk. 10:16.*

*Dit is nie die Vader wat die mens oordeel nie, maar Hy het al die veroordeling aan die Seun gegee sodat almal die Seun kan eer, net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Joh. 5:22 en 23.*

Terwyl die Vader se onverdiende guns in Yeshua tot almal se beskikking is, waarsku Jesaja ons dat daar ‘n tyd sal wees wat YHVH nie meer in Yeshua te vinde sal wees nie. Soos die eindes van die eeue aangebreek het (1 Kor. 10:11), so is YHVH se uurglas van genade in Yeshua besig om leeg te loop!

Maar Jesaja waarsku ook:

*Laat die wettelose sy pad verlaat en die onopregte en partydige sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee. Jes. 55:7.*

Soos Israel van ouds gewaarsku is om terug te keer tot gehoorsaamheid aan die Torah van Moses, so word ons vandag gewaarsku om terug te keer tot gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is. Deur vertrouwe in Yeshua het ons deel geword van die beloftes van die verbonde, naamlik die verbond met Abraham en die nuwe verbond (Ef.

2:12). Daarom is ons nie meer onder die tugmeester van die Torah van Moses nie (Gal. 3:23 tot 29), maar word ons deur die Afgesonderde gees gelei tot gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua bevestig is (Rom. 8:2).

Jesaja waarsku Israel ook om hulle eie gedagtes te verlaat en terug te draai na YHVH se gedagtes. Hoekom?

*want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie,” verklaar יהוה, want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes. Jes. 55:8 en 9.*

Hierdie stem ooreen met die woorde van Paulus dat ons elke gedagte gevange moet neem tot gehoorsaamheid aan Die Gesalfde Een (2 Kor. 10:5).

Jesaja herinner ons ook aan die feit dat YHVH ‘n waarmaker van Sy Woord is:

*want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiers en brood aan die eter, nie, so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie. Jes. 55:10 en 11.*

Alles wat YHVH gespreek het sal waar word, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8) en by wie daar geen skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:17). Daarom moet ons onthou dat YHVH ewe getrou is aan Sy seëninge as aan Sy vloeke (oordele). YHVH is ‘n God van liefde, maar ook van oordeel. Die geskiedenis van Israel bewys dit! YHVH se oordeel (vloeke) is nie onder die hernieuwe verbond opgehef nie!

Jesaja herinner ons ook aan die beloftes vir diegene wat die Shabbat gedenk en dit afsonder (heilig)

*So sê יהוה: “Bewaar die regverdige oordeel en doen onpartydigheid en opregtheid, want My verlossing is op die punt om te kom en My onpartydigheid en opregtheid om geopenbaar te word. Hoe geseënd is die mens wat dit doen en die seun van ‘n mens wat daaraan vashou, wat hom daarvan weerhou om die Shabbat te onteer en sy hand weerhou daarvan om boosheid te doen. Jes. 56:1 en 2.*

Jesaja se profetiese woorde aan Israel, maar soos dit vandag onder die nuwe verbond van toepassing is, kan soos volg opgesom word: Redding is vertrou in Yeshua as die versoening met YHVH, sowel as gehoorsaamheid aan die Torah wat vlees geword het en onder ons kom woon het (Joh. 1:14).

## **Bepeins of Bespreek**

1. Die tien gebooie is YHVH se “kontrole lys” en is die tien beginsels waarop die hele Torah (die wet) gebou is. Indien jy een gebod verwerp is jy ongehoorsaam en verwerp jy inderwaarheid al tien, want die tien gebooie is deel van die Karakter en Outoriteit van YHVH – deel van Sy wese. Om enige gebod te verwerp, is om YHVH te verwerp en dan dien jy nie YHVH nie, maar wel ‘n afgod. Redding is vertrou en getrouheid. Redding (wedergeboorte) is regverdigmaking en vertrou is heiligmaking. Redding is die begin van die wedloop van heiligmaking. In Heb.12:1 en 2 lees ons: *Laat ons met aanhoudende*



*geduld die resies hardloop wat voor ons lê en laat ons die oë hou op Yeshua, die Ontwerper en Voltooier van ons vertrou*

-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*